

8 Januarie

Feestelike inwyding van die muur

Skrifgedeelte: Nehemia 12
Fokusgedeelte: Nehemia 12:27

Daar is min dinge wat 'n feestelike atmosfeer so treffend kan weergee as musiek. Met die wonderlike gawe van sang en instrumentale musiek kan aan die mens se blydschap uiting gegee word. Die inwyding van die stadsmuur is heel gepas met lofprijsing onder begeleiding van trompette, simbale, harpe en liere gevier.

Vir hierdie feestelike inwyding van die muur moes al die Leviëte van hulle woonplekke af na Jerusalem kom, asook die sangers en die instrumentaliste. Dawid het lank te vore reeds die dienswerk vir sang en musiek gereël. Die fees was nie ter wille van die mense nie, maar tot eer van God. Die priesters en Leviëte het eers hulleself, asook die volk, die poorte en muur gereinig deur offers te bring. Twee groot kore het op die mure langs na die tempel beweeg, een van suid en een van noord. Almal was bly, mans en vrouens en kinders het só hard uitgesing dat dit ver gehoor kon word (vs 27).

By die tempel is baie dank- en lofoffers aan die Here gebring. Hierdie fees van blydschap en dank is voortgesit in die herstelde tempeldiens wat weer georden is. Die hele volk was deur hulle bydraes verbind aan die verering van God in sy tempel.

Wat 'n fees! Wat 'n manier om aan God eer toe te bring! Ons is steeds lof en dank aan Hom verskuldig. Sing, speel en offer ons vandag nog só dat die wêreld kan hoor dat ons bly is oor die Here se bouwerk in – en bewaring van – sy kerk?

Sing: Psalm 150:1, 2, 3

Dr. WC Opperman (Windhoek-Suid)